### *Vergelykings met die wonders van towenaars*

**55** **Suetal** sê: "Amein! Dit vind ek ook! Want so iets het `n sterflike oog nog nooit gesien nie! Die towenaars ten tyde van die farao het ook wel stokke op die grond gegooi wat slange geword het, maar daar was ons nie by nie! En sou ons daarby gewees het, dan sou ons waarskynlik dieselfde kunsstuk gesien het as wat ons eens, net so, in Damaskus gesien het. `n Persiese towenaar het `n knuppel op `n wyd uitgestrekte, vlakte van stuifsand wat voor hom gelê het, gegooi. En toe die knuppel, wat op `n spesiale manier gewerp word, in die stuifsand verdwyn, sodat `n mens niks meer daarvan kon sien nie - wat natuurlik baie vinnig gebeur het - kom daar `n rot of `n muis uit die sand te voorskyn wat haastig wegvlug! Hierdie towenaar laat dit lyk asof hy uit die knuppels wat in die sand gewerp word, rotte en muise toor. Maar ek het die sand daarna ondersoek en het die gegooide knuppels onveranderd teruggevind, daarby het ek ook duidelike spore gevind dat die towenaar, waarskynlik sonder getuies, vroegtydig `n bepaalde aantal rotte en muise in die sand verborge gehou het deur op meerdere plekke spesiale voorkeurvoer in sand holtetjies wat deur hom gemaak is, te lê, waarmee die rotte en muise wat daar uitgeplaas is, heel rustig en behaaglik besig gebly het totdat hulle deur die handig gewerpte knuppel gedwing was om uit die holtetjie te spring en weg te hardloop.

[2] Die dom volk het die Persiese towenaar as `n god vereer en prop sy sakke vol met allerlei kosbare dinge. Toe ek `n paar, waarvan ek gedink het dat hulle verstandiger was, daarvan wou oortuig, het hulle my `n lasteraar genoem en ek het maar net genoeg tyd gekry om my uit die voete te maak. Ek het daardeur tot die oortuiging gekom dat sulke towenaars ten eerste baie skerpsinnige, rare snuiters is wat met hul uiteindelike kennis en opgedoende ervarings op die gebied van die natuur hulle die domheid van die talle ander mense, wat net soos vee vreet, tot nut maak. In die tweede plek het ek gesien dat sulke oerdomme mense ook, deur die beste wil van `n wyse mensevriend, nooit heeltemal op die goeie weg gebring kan word nie.

[3] En so sal alle geroemde wonderwerke van die priesters en towenaars in die hele Egipte en Persië wel daar uitsien, en die wonderdade van die Essene sal gewis net eenders wees.

[4] Maar hierdie twee wonders hier, wat die leerling van die groot Meester gedoen het, en die wonderbaarlike genesings waarvan ons gehoor het dat dit deur die groot Verlosser verrig is, is so suiwer bo al die magiese bedrieërye verhewe soos `n son met sy heldere en reine lig verhewe is bo elke nietige en bedrieglike dwaallig. Met hierdie twee wonders is, soos gesê, elke menslike wysheid uitgepraat. Daar help geen denke en toetse meer nie, daar werk die Almag van Elohim, vir wie niks natuurlik onmoontlik kan wees nie.

[5] Maar wat vir ons oorbly, is die les daaruit dat ons juis daarom dít wat die groot Verlosser leer, des te aktiewer moet toepas, omdat deur Hom, soos ek dit nou begin te sien, miskien juis in ons tyd `n ou belofte van JaHWeH in vervulling sou kon gaan."

[6] **Ek** sê vir Suetal, terwyl die twaalf My nog steeds nie persoonlik herken nie: "Is jy nog enigsins oortuig van daardie mening?"

[7] **Suetal** sê: "Vriend, die mening wat nou by my posgevat het, word in elk geval by my `n sekerheid! Want kyk, ek het `n heel eenvoudige, maar beslis steekhoudende rede om dit aan te neem! Elohim is te eindeloos goed en wys om `n mens so magtig op te wek en met Sy Almagtige Gees te vervul om maar net `n aantal siekes liggaamlik te genees en uit klippe brood en visse te maak. Met so `n mens, wat soos `n son ver bo Moses en alle ander profete verhewe is, het Elohim seker ook nog `n hoër, wat vir ons nog heeltemal onbekend is, groot doel voor oë! Want vir onbelangrike doeleindes, om slegs voor die oë van die gaaplustige en op wonders beluste, blinde en domme mensemenigte allerlei wonders te verrig, het Elohim, soos gesê, so `n Godmens nie op hierdie aarde geplaas nie! Ek is geneig om byna in Hom die groot Messias van die Judeërs, wat deur alle aartsvaders en profete verkondig is, te sien en daarvan is ek, beste vriend, haas heeltemal oortuig!

[8] As Hy dit egter tog nie is nie, dan sou ek werklik nie weet op wie ons dán nog sou moes wag nie, wat in staat sou wees om nog groter en vir Elohim waardiger dinge te doen! - Wat dink U nou daarvan, beste vriend, vooropgestel dat u as Griek enigsins vertroud is met die Skrifte van die Judeërs?!"

[9] **Ek** sê: "Ja, ek deel heeltemal jou mening, want met die Skrifte van die Judeërs is ek heel goed op hoogte. Maar nou sou Ek tog van jou geselle wou hoor wat hulle oor ons goed gefundeerde mening dink! Ribar is so bietjie van `n woordvoerder vir al tien. Laat ons hom vra en sien watter mening hy daaroor wil gee. Vra jy hom dit maar!"

[10] **Suetal** sê: "Ons gaan dit dadelik vir hom vra, want hy sal nou hopelik tog genoeg na sy vis gekyk het!"

### *Die wonder van die esel*

**56** Toe rig **Suetal** hom tot Ribar, terwyl hy hom aan sy mantel trek en sê: "Ribar, die vraag en die onderwerp waaroor dit hier gaan, is uiters belangrik, veral vir ons Judeërs. Miskien kan jy ons daaroor uitsluitsel gee, omdat jy na my wete geen totale leek op die gebied van die Skrif is nie. Kyk, alle groot beloftes vanaf - sê maar - Adam tot byna aan ons tyd, ken ons. Volgens hierdie sekerlik nie uit die lug gegrepe beloftes, verwag ons `n Messias wat by name die Judeërs, as die ou volk van Elohim, sal bevry van alle moontlike liggaamlike en geestelike kwale! Wel, die dade van die beroemde Verlosser het ons met ons eie oë gesien en nog meer het ons uit die mees onlangse ervarings van oog- en oorgetuies met ons eie ore gehoor wat Hy alles doen en gedoen het. My vraag is of Elohim Self, neerdalend uit Sy hoogste hemele op die aarde, méér en wonderbaarliker dinge sou doen as die Verlosser uit Nasaret! Die antwoord op hierdie vraag kan alleen maar 'Nee' wees.

[2] Ongeveer drie weke gelede het mense ons `n grondig hernude huis getoon, wat nou ook aan `n geneser - ek meen dat hy Joab of so iets heet - behoort. `n Mens beskou dit as iets buitengewoons omdat die Nasarener dit in `n oogwink, slegs deur dit te wil, letterlik uit `n hoop klippe opgebou het.

[3] Mense vertel ons tewens van `n koopman uit die omgewing van Sigar wie se huis ook op `n soortgelyke wyse vergroot is en pragtig gemeubileer is.

[4] Die genesingsverhale uit Genesaret ken ons eweneens. Almal van ons het die geneesde broer van ons metgesel uit die berge in die omgewing van Genesaret persoonlik gesien en mee gepraat. Nou het ons die buitengewone genesing van die vyf besetenes wat gister saam met ons gereis het so goed as tesame aanskou. Die onbegryplike wysheid van Mathael, wat nou tesame met sy metgeselle met hoofman Julius en nog `n hoë Romein `n gesprek voer, staan ons daarvoor meer as verseker borg!

[5] Nou kom die twee wonders deur `n - sê maar - leerling uitgevoer, nog daarby. Die vraag is dan: Gee dit alles ons nie die reg om aan te neem dat die Groot Verlosser uit Nasaret die beloofde Messias is nie? - Wat dink jy daarvan?"

[6] **Ribar** sê: "Ja, ja, jy sou bes moontlik gelyk kan hê! Weet jy, so heel in die geheim loop ek ook al met hierdie gedagte rond, soos `n swanger vrou met haar vrug. Maar dan word dit dubbel so moeilik, sowel ten opsigte van die tempel as van die Romeine, vir wie so `n egte Messias van die Judeërs, soos hy voorspel is, seker baie ongeleë sou wees. Die tempel bereken weliswaar die koms van die Messias, volgens kabbalistiese berekening, uit wyse voorsorg eers ten minste oor `n paar duisend jaar. Dit sou, noudat dit so goed met die tempel gaan, heeltemal geen Messias kan gebruik nie. Maar die Romeine sou hom kennelik liewer aan hulle kant wou hê as aan die Judese kant!

[7] Daarom is ek nou duidelik van mening: In stilte moet `n mens maar glo wat `n mens wil met betrekking tot die Beloofde, maar `n mens moet jou mening nie eerder openlik uitspreek vóór hierdie saak nog duideliker uit die doeke gelaat is nie! Nóu sal jy met hierdie geloof sowel van die een as van die ander kant aansienlike moeilikhede kon kry. Origens is jy met jou mening en jou beredenering nie op die verkeerde nie, maar volgens my mening en my geheimste gedagtes op die goeie spoor, maar, beste vriende, dit moet in ons eie belang voorlopig beslis nog streng onder ons bly!

[8] En jy, broer Suetal! - let jy eers goed op na die jong leerling met sy wonders! Wat is nou weer sy plan? In die eerste plek gaan hy gladnie na sy eie mense terug nie en ten tweede staan hy ons ietwat kwajongagtig, fyntjies glimlaggend en aankyk asof ons `n stel onnosele domkoppe is. Wat besiel hom tog? Kyk maar, nou draai hy hom selfs om en staan gewoonweg in sy vuiste en lag! As die jongeling maar nie so ontsettend almagtig was nie, sou ek hom tot verantwoording geroep het, maar met so `n mens is niks aan te vang nie. Hy sou ons vir die grap in `n harige esel kon verander, en hoe sou jy daarvan hou?"

[9] Toe sê **Rafael** terwyl hy hom omdraai en nog meer lag, en hy met My toestemming `n oergesonde esel langs Ribar neersit: "Kyk, net soos wat daar nou régtig één langs jou staan!"

[10] **Ribar** kyk om hom heen, skrik geweldig en sê na `n oomblik van toenemende verbasing en skrik: "O, o, o, wat is dit nou?! Waar kom hierdie vet gevoerde esel dan nou skielik vandaan?"

[11] **Rafael** antwoord: "Daar waar die vis vandaan gekom het! Maar nou vra ek jóu wat die rede is waarom julle my steurend vind? Het ek julle dan enige kwaad aangedoen?"

[12] **Ribar** sê: "Beste, en tewens mooiste, jong vriend! Weet jy, jy is vir ons té magtig en daarby sien jy `n bietjie kwajongagtig daaruit. Daarom het ons so `n respek vir jou, en in jou nabyheid voel ons baie angstig en bang! Maar omdat jy nou eenmaal hier is, en nie na jou eie groep toe wil teruggaan nie, moet jy maar nader kom en eers aan ons beskryf hoe die groot, goddelike Meester uit Nasaret lyk. Want deur die onbegryplike wonders wat jy vir ons gedoen het, word ons siele niks wyser nie! As jy net so goed kan praat, en daar twyfel ons nie aan nie, as wat jy goddelike wonders kan doen, open dan jou mooi mond en beskryf Sy uiterlike!"

[13] **Rafael** sê: "As ek mag, sou ek dit ook baie graag wou doen, maar ek mag ondanks al my almagtige krag, wat die Ewige Meester van alle dinge aan my gegee het, nie die aap vóór die tyd uit die mou laat nie.

[14] Dit het vir julle, en vir jou by name, aanstoot gegee dat ek straks noodgedwonge vir julle moes lag. Ek verseker julle dat daar gewis geen sogenaamde kwajongagtigheid daaragter steek nie. Daar doen hom naamlik dikwels geleenthede voor by die sterflike mense, veral by hulle wat nog in `n soort skemering loop, dat `n heeltemal verligte gees, so ongeveer soos wat ek een is, tog ietwat moet glimlag. Ek, byvoorbeeld, moet nog altyd `n bietjie glimlag as mense, wat hulleself as baie wys en verstandig beskou, in `n bos bymekaar staan en uiteindelik as gevolg van die bome nie meer die bos sien en ook nie meer herken nie! Ja, vriende, as ek so iets teëkom, moet ek lag en kan nie daarvoor help nie.

[15] **Ribar** sê bietjie verbaas: "Staan ons dan nou miskien ook in `n bos en sien ons nie die bos deur die bome nie?"

[16] **Rafael** sê: "Liggaamlik nie, maar geestelik wel en daarom moes ek lag. Sê my eers, waarom is julle dan so bang om kennis te maak met die groot Meester uit Nasaret?"

[17] **Suetal** antwoord hierdie keer: "Kyk, beste, wyse leerling van die groot Meester, ons het aan hierdie vriend hier, wat jou hierheen geroep het, presies vertel waarom ons dit meer raadsaam vind om nie persoonlik met Hom kennis te maak nie en by hierdie, gladnie so slegte wens van ons, moet dit ook bly!

[18] Jy staan vir ons arme sondaars al veels te hoog en daarom voel ons onsself gladnie op ons gemak by jou nie. Van jou wysheid en kennis kan ons onmoontlik ook maar net `n greintjie besef van hê, en daarom kry ons `n baie wonderlike gevoel in jou geselskap. Maar wat is `n leerling vergeleke met sy Meester? As jy as jongste leerling van die groot Meester al sulke ongehoorde wonders kan verrig, wat sal jou Méészter dan nie alles kan doen nie?! Ons voel ons al gladnie op ons gemak by jou nie, hoe moet dit dan by die groot Meester wees?! Ons sou dit gladnie kan uithou nie! Voorlopig hou ons dit dus daarby om nie persoonlik met die groot Meester kennis te maak nie.

[19] Sy leer kan ons alleen maar help, waarvan ons die hooftrekke reeds van hierdie vriend hier verneem het. Daarmee is ons voorlopig ook heeltemal tevrede. As ons eenmaal, deurdat ons onsself so goed as moontlik aan die goddelike suiwer leer sal hou, meer volmaak sal word as wat ons nou is, sal dit sekerlik vir ons die grootste saligheid ooit wees om ook persoonlik met die groot Meester kennis te maak. Maar skenk die esel wat hierheen getoor is aan ons gasheer hier, want ons het verder niks om hom vir dit wat ons geniet het te kan betaal nie!"

[20] **Rafael** sê: "Wel, skenk julle hom maar die kerngesonde lasdier en die vis, want beide diere is tog vir julle geskape!"